

Cyrenius neem Josoë op

80 Cyrenius sê: "Meester, ek sou hierdie jongeling graag wou aanneem, en as hy wou kom, dan sou ek hom nie net náas my kinders nie, maar in alles bó hulle wil stel. Waarlik, ek sou my baie geseënd beskou as ek hierdie liewe jongeling, wat tog meer engel as 'n mens is, myne sou kon noem! Hy sal dit tog moeilik by sy voormalige ouers ondervind, en dit is 'n vraag of hulle hom nog sal aanneem. Ek is egter op hoogte van alles en kan, as die tyd daarvoor ryp is, voorbereidings tref sodat sy ouers, wat aan my as baie tempelgesind bekend staan, hul Josoë sal herken. As hulle hom wil aanneem, dan sal hulle die vrye keuse gelaat word, ewenwel met die voorwaarde dat hy by my in die huis bly en by my moet wees, waar ek ook al sal wees - nou eers in Asië, dan weer in Europa of Afrika, want ek heg baie waarde aan sy wysheid!"

[2] **Ek** sê: "Bepreek dit maar met Jaïrus en die jongeling! Ek vind alles goed, want My dierbare Josoë sal My orals trou bly."

[3] **Die jongeling** sê: "Vader, daaraan sal U tog nie twyfel nie? Dan sou U my hart anders moet instel! Dit sal U egter in der ewigheid nie doen nie en dus sal ek U ook ewig getrou bly. As ek egter self my toekoms op hierdie aarde sou mag kies, dan sal ek liewer dadelik by U wil bly! Want wat kan hoër, beter en saliger in die hele oneindigheid en in alle ou en nuwe hemele nog wees, as om by U, die oerbron van Liefde, Wysheid en alle Lewe te kan wees? Maar dit is slegs die eintlike, diepste wens van my hart; origens weet ek ook hoe om gehoorsaam te wees en sal gewillig orals heengaan waar U, Heilige Een, my maar wil heen stuur! Ek sal na Cyrenius gaan, wat ek baie hoog ag en waardeer, en so sal ek ook na my aardse ouers teruggaan, waarvan ek ook baie sal hou; maar sonder U wil sal ek nie somer iets doen nie."

[4] **Ek** sê: "Jou hele wese toon dat jy by My sou wou bly en mettertyd ook by My sal bly, maar nou het jy nog rus nodig, wat jy moet neem terwyl jy liggaamlik nie by My is nie, sodat jou siel en jou nuwe liggaam 'n hegte eenheid kan vorm. Wanneer dit in die loop van ongeveer een jaar sal gebeur, kan jy weer na My toe kom en dan sal jy jouself goed in My nabyheid staande kan hou sonder dat Ek, soos nou, gedwing word om met die mag van My wil jou siel in jou liggaam vas te hou. Kyk, dit is die rede waarom Ek jou nou vir jou eie beswil 'n tydjie van My af laat weggaan! Maar bedink nou eers of jy liewer met die Romeinse opperstadhouer Cyrenius wil saamgaan, of wil jy liewer teruggaan na jou aardse ouers! Dit maak nie vir My saak nie - maar dit is wel waar dat

jy by Cyrenius altyd meer sal kan ontspan as 'n soort vreemdeling in die huis van jou ouers, want hulle sal vir 'n lang tyd nie weet wat hulle aan jou het nie."

[5] **Josoë** sê: "Goed, nou weet ek, ek gaan met die verhewe stadhouer Cyrenius saam. Maar tog sou ek graag my ouers wil ontmoet om hul verwonderde gesigte te sien as hulle my sien."

[6] **Cyrenius** sê: "Dit kan ons môre, as ons hier-vandaan oor Kapernaum na Sidon en Tirus reis, heel maklik reël! As ons die middag in Kapernaum by my broer sal eet, wat jy hier naas my sien en wat Cornelius heet, dan sal daar bo-en-behalwe sommige belangrike inwoners van die stad ook jou ouers aan tafel benodig word en dan sal jy voldoende geleentheid hê om jou ouers te sien, en te hoor watter opmerkings hulle oor jou sal maak. Maar jy moet daarby goed oppas om jou nie uiteindelik deur 'n agtelosige gesegde te laat blootlê nie! Aan die kleding sal hulle jou nie herken nie, omdat ek jou môre dadelik 'n toga, soos wat die Romeine dra, uit my voorraad sal laat aantrek. Maar, soos wat gesê is, jou mond moet jy self baie goed in toom hou, sodat jy jou nie voortydig verraaï nie!"

[7] **Die jongeling** sê: "Bekommer u nie daaroor nie! Die Romeinse taal ken ek taamlik goed, net soos Grieks, daarom sal ek hierdie tale praat as mense my iets vra. Weliswaar ken my ouers hierdie tale ook, maar dit sal my nie weggee nie! Kortom, met die hulp van die Meester, wat my opgewek het, sal ek in staat wees om alles so goed moontlik te laat verloop."

[8] **Cyrenius** druk die jong seun aan sy bors, kus hom en sê: "Saaklik en goed so, ek hou baie van jou en beskou jou van nou af as my seun, wat ek meer sal liefhê as al my eie kinders en 'n aantal ander kinders, waarvan ek vrywillig net soos wat die geval nou by jou is, vader geword het. Want jy sal hulle almal geestelik van baie nut kan wees."

[9] **Die jongeling** sê: "Ek verheug my daaroor, want dit was vanouds my grootste vreugde gewees om iemand van nut te kan wees."

[10] **Ek** sê: "Goed, Josoë! As Ek sien dat jy getrou bly aan jou voorneme, dan sal Ek jou ook Krag uit die hemele stuur, waarmee jy dan in staat sal wees om nog meer goeie dade te kan doen. Waaruit die Krag sal bestaan, sal jy eers sien as jy Haar ontvang. Maar nou gaan ons rus, want dit is inmiddels al byna middernag. Môre is nog 'n dag en Ek wil nie vooraf ondersoek wat hy sal bring nie, maar wat hy sal bring, dit sal ons almal aanvaar. Die goeie sal ons deelagtig word en die bose sal ons weet om af te weer. Dus gaan ons nou slaap!"

81

Die volgende môre straal die son weer aan die hemel en baie van die aanwesige gaste, wat ook voor ons gaan slaap het, dartel reeds buite rond toe Ek, die leerlinge, die Romeine en Kisjonah uit die huis na buite gaan.

[2] Nie lank daarna nie kom ook Bab en sy familie uit die stad; want hy het laat die aand na sy huis in die stad teruggekeer om ons geen oorlas te besorg nie. Toe hy egter daar aankom - so vertel hy ons met duidelike haas - heers daar in die stad, en veral in die sinagoge, 'n groot opwinding en verwarring en wel sodanig dat hy dit nie durf waag het om iemand te vra wat daar aan die gang was nie. Daar moes egter iets baie belangriks gebeur het, omdat hy nog nooit so 'n opwinding by die dienaars en menere van die sinagoge gesien het nie.

[3] **Ek** sê: "Dit is 'n gevolg van die nuwe besem, wat na die aftrede van Jairus aangekom het uit Jerusalem en waarskynlik vandag hier in Násaret 'n inspeksie sal wil hou! Dit is nie so belangrik nie en ons sal daarom ons reeds klaargemaakte ontbyt goed laat smaak."

[4] Vervolgens rig **Ek** My tot beide die nog aanwesige jongmanne en sê: "Gaan na die sinagoge en bring Roban, die oudste hier, Ek moet met hom praat! Loop egter op julle gemak, sodat julle julleself nie deur julle skielike aankoms verrai nie!" Beide die engele doen dadelik wat Ek hulle opgedra het; ons gaan egter opgewek by die oggendete aansit.

[5] Toe ons van die tafel af opstaan, kom **Roban** met beide die engele daar aan, buig diep voor My en voor die nog aanwesige hoë Romeine en sê geestelik totaal uitgeput: "Ag, Meester, hier is dit hemel - en daar in die sinagoge woed die hel op sy ergste! Meester, ek hoef U dit weliswaar nie te sê nie, omdat ek maar al te goed weet dat niks in die hele wêreld aan U onbekend kan bly nie, maar dit is nou al haas om wanhopig van te word soos ons nuwe owerste te kere gaan!

[6] As daardie mens nie 'n liggaamlike broer van die satan is nie, dan doen ek volledig afstand van my menswees! Eerstens beroof hy ons; nie net van ons geld nie, maar ook van al ons ander besittings, sodat ons nie eers meer weet waarvan ons nou in die vervolgt met ons families sal moet lewe nie. Hy neem al die meel, alle peulvrugte, al die koring, alle gerookte visse; vervolgens sê hy dat al ons osse en koeie en kalwers, skape en esels, nou eiendom van die tempel is en sal hulle op die manier genadeloos van ons afneem! Daarby verklaar hy ons almal tot afvalliges van die tempel en wil ons bowendien nog

alle moontlike straf opleë; want in Jerusalem is die mense heeltemal op hoogte met wat hier gebeur, en tewens het hy die strengste opdrag om U as volksverleier en volksopruier te laat gryp en aan die gereg oor te lewer! - Wat sê U van so iets dieragtigs?

[7] Herodes weet waar U gaan en staan en hy sou al lankal baie ernstige stappe teen U onderneem het, as hy nie die verkeerde mening gehad het dat U Johannes sou wees wat uit die dood opgestaan het nie. Dit het sy waarsêer, wat heimlik 'n leerling van Johannes was, vir hom ingeprent. Want Herodes het Johannes op versoek van die slet Herodias in die kerker laat onthoof om sy hoof vir haar op 'n skottel te laat aanbied ten bewyse dat hy voldoen het aan die eed wat hy aan haar gemaak het!

[8] Uit die bietjie kan U, o Meester, nou wel uitmaak hoe die sake staan! Ek sê vir U: as U nie met al U mag teenstand gaan bied nie, dan is U saam met almal wat hier by U is, liggaamlik gesproke verlore! Want ek kan U maar sê dat die hele hel nou letterlik los is; daar is al op U hoof tienduizend pond goud gesit!"

[9] Toe roep **Ek** Matthéüs en sê vir hom: "Skryf op wat jy nou sal hoor!"

[10] Matthéüs haal dadelik sy skryfgerei uit en maak hom klaar om te skryf.

[11] Maar **Ek** vervolg teenoor Roban: "Vriend, jy het die treurige geskiedenis van Johannes nou so vlugtig aangeroe, wees so goed en vertel dit weereens so, soos wat die nuwe owerste dit vir julle vertel het! Want Ek stel dit hoog op prys dat hierdie gebeurtenis só opgeskryf moet word!"

[12] **Roban** sê: "Dit doen ek met al die plesier in die wêreld, ek is net bang dat die mense my sal mis en dat ons dan gevaar kan loop dat die satansbroeder van 'n owerste hierheen sal kom en 'n afgryslike spektakel maak!"

[13] **Ek** sê: "Wees glad nie bang nie, want ons het nog genoeg mag hier om hom in toom te hou!"

[14] **Roban** sê: "In daardie geval sal ek die geskiedenis van Johannes dadelik woordeliks weergee soos wat die nuwe owerste ons dit vertel het. Dit was sy woorde: